higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5

12 Oktober 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1

1.1.1	G
1.1.2	A
1.1.3	B
1.1.4	L
1.1.5	I
1.1.6	K
1.1.7	E
1.1.8	M
1.1.9	O
1.1.10	N

(10 × 2) (20)

1.2

1.2.1 Waar

1.2.2 Waar

1.2.3 Waar

1.2.4 Onwaar✓
Wanneer 'n kind van 18–24 maande vorder om tweewoordsinne te uiter, word dit **telegrafiese** spraak genoem.✓

1.2.5 Waar

1.2.6 Onwaar✓
Sosiale onttrekking is 'n **emosionele** gevolg van stres.✓

1.2.7 Onwaar✓
'n Kind wat 'n **ekstrovert** is, maak volgens sy karakter maklik vriende.✓
OF
'n Kind wat 'n introvert is, is volgens sy karakter **skaam en gereserveerd**.✓

(10)

1.3

1.3.1	C
1.3.2	B
1.3.3	D
1.3.4	A
1.3.5	C
1.3.6	B
1.3.7	D
1.3.8	A
1.3.9	D
1.3.10	C

(10 × 2) (20)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Dit gee kinders belangrike sosiale vaardighede.
- Dit leer kinders kommunikasievaardighede.
- Dit leer kinders oor gesonde interaksie met hul portuurgroep, ouer kinders en volwassenes wat nie hul ouers is nie.
- Dit bou hul selfvertroue en stel hulle in staat om empatie te toon.
- Dit help hulle om te besef watter gedrag aanvaarbaar is en watter gedrag nie aanvaarbaar is nie.
- Dit stel hulle bloot aan 'n liefdevolle, versorgende en veilige omgewing wat hulle in staat stel om ontvanklik vir onderrig te wees en om met hulle portuurgroep te skakel.
- Dit verminder vrees vir vreemdeling omdat kinders daaraan gewoond raak om ander mense te sien en te vertrou.
- Dit gee aan hulle 'n groter perspektief van verskillende sosiale omstandighede.
- Dit help kinders wat minder geleenthede gehad het, om sosiaal en akademies in te haal met lede van hul portuurgroep wat uit meer welgestelde en akademiese gesinne kom.
- Dit maak suksesvolle sosiale interaksie in kinders se tiener- en volwassejare moontlik.
- Dit leer skaam en introverte kinders om met 'n verskillende mense om te gaan.
- Dit leer kinders om respek te hê vir die gesag van mense wat nie hul ouers is nie (gehoorsaam die reëls).
- Dit stel kinders bloot aan kinders van verskillende kulture en sosio-ekonomiese agtergronde. (Enige toepaslike 5 × 2) (10)

2.2 2.2.1
- Om te domineer of om te volg
- Om te beskerm of om beskerm te word
- Om verantwoordelikheid te aanvaar
- Om ander se sienings te respekteer
- Om realisties te wees oor eie vaardighede

(Enige toepaslike 3 × 1) (3)

2.2.2
- Fisieke ondersteuning: Kinders leer om te deel, bv. om 'n speelding vir 'n maatjie te leen of om middagete te deel.
- Sosiale ondersteuning: Kinders ontwikkel kameraadskap en samesyn, bv. deur saam te sit tydens 'n aktiwiteit.
- Intellektuele ondersteuning: Kinders verduidelik konsepte aan mekaar, bv. om vir 'n maatjie 'n rympie te leer wat die maatjie nie in die klas verstaan het nie.
- Emosionele ondersteuning: Kinders toon empatie teenoor mekaar, bv. deur 'n maatjie 'n drukkie te gee as die maatjie hartseer voel. (Enige toepaslike 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

2.3
- Opgeruimd, sosiaal, sorgvry, spraaksaam, impulsief en plesiersoekend.
- Warmhartig en optimisties.
- Van nature skeppend en geneig om te dagdroom.
- Emosionele toestand: Sensitief, barmhartig en bedagsaam – gemotiveer om dieselfde gedrag te toon.
- Kan dikwels van mening verander en sukkel om projekte af te handel waarmee hulle begin het.
- Leer hulle deur hul liefde vir 'n onderwerp of bewondering vir mense aan te wakker.
- Hulle verkies groepsaktiwiteite, floreer in kommunikasiegeoriënteerde projekte, is gewillig om take uit te voer en inspireer ander om daaraan deel te neem. (Enige toepaslike 4 × 2) (8)

2.4
- Opnames
- Vraelyste
- Onderhoude
- Graderings of graderingskale (4)

2.5 2.5.1 Die geneigdheid om gedrag te herhaal waarvoor ander beloon is en om gedrag te vermy waarvoor ander gestraf is. (2)

2.5.2 Die instinktiewe menslike geneigdheid om pyn en onaangename ondervindings te vermy. (2)

2.6
- Die waarnemer moet ag slaan op die gedrag.
- Die waarnemer moet die waargeneemde gedrag onthou.
- Die waarnemer moet in staat wees om die gedrag na te boots.
- Die waarnemer moet gemotiveerd wees om dieselfde gedrag te toon.

(4 × 2) (8)

2.7
- Kan 'n kragtige onderwyser wees – vergroot algemene kennis.
- Televisie bied ontspanning aan wat frustrasie kan verwyder en kan help om sekere emosionele steurings te oorkom.
- Sommige TV-programme voed kinders op, lig hulle in en inspireer hulle.
- Goeie rolmodelle en voorbeelde op televisie kan kinders positief beïnvloed.
- Sommige TV-programme hou opvoedkundige voordele in (dit leer kinders oor 'n verskeidenheid onderwerpe, bv. diere se gedrag, politiek, ervaring van die wêreld, blootstelling aan verskillende tale, rympies en opvoedkundige materiaal wat leer kan uitbrei).
- Dit bevorder kommunikasie as gesinslede nouer bande sluit wanneer hulle programme bespreek wat hulle gekyk het.
- Met behulp van hul ouers leer kinders om tussen goeie en slegte karakters te onderskei.
- Dit is 'n skakel met die buitewêreld vir kinders wat lang tye in hospitale moet deurbring.
- Dit leer kinders hoe om groepe en individue te benader sodat alle kinders aan speletjies deelneem.
- Dit stimuleer verbeelding. (Enige toepaslike 5 × 2) (10)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1

OUTOKRATIESE ONDERWYSER	DEMOKRATIESE ONDERWYSER
• Skryf vir sy/haar leerders voor. • Vereis samewerking • Kan baie dominerend wees. • Gebruik 'n onderwyser-gesentreerde benadering tot onderrig en leer • Gee nie aan die leerder die vryheid om sy/haar kreatiwiteit uit te druk nie • Laat nie die leerder toe om sy/haar ware potensiaal te ontwikkel nie • Is veeleisend en minder responsief • Benodig beheer	• Beoefen 'n vriendelike styl • Moedig alle leerders aan om deel te neem • Maak leerders deel van gemeenskaplike besluitneming. • Skep 'n ondersteuningstruktuur. • Laat leerders vry en gemaklik voel om aan aktiwiteite deel te neem. • Skep 'n positiewe leeromgewing wat belangstelling in akademiese prestasie aanwakker • Stel hoë standaarde, maar gee keuses • Is ondersteunend • Is veeleisend en responsief

(Enige 6 van bogenoemde. Enige 3 per onderrigstyl.) (6 × 2) (12)

3.2 3.2.1

- Eersgebore kinders is geneig om vroeër te begin praat as sibbes wat ná hulle gebore word.
- Eersgebore kinders is geneig om meer van hul ouers se aandag, hulpbronne en tyd te kry as hul sibbes. (Enige 1 × 2) (2)

3.2.2

- Ouers is geneig om baie meer gemaklik, ontspanne en minder veeleisend met tweede en daaropvolgende kinders te wees.
- Middelste kinders het nooit die voordeel van hul ouers se onverdeelde aandag nie.
- Middelste kinders kan voordeel trek uit interaksie met 'n ouer sibbe en kan ook bydra tot 'n jonger sibbe se taalontwikkeling.
- Middelste kinders kan middelkindsindroom ondervind ('n toestand van kinders wat tussen ouer en jonger sibbes gebore is waar hulle gevoelens van leegheid, onvoldoendheid en jaloesie ervaar). (Enige 1 × 2)

3.2.3

- Jonger kinders kan voordeel trek uit blootstelling aan gesprekke tussen ouer sibbes en ouers of versorgers.
- Jonger kinders het meer blootstelling aan hul sibbes se onvolwasse taal- en spraakpatrone.
- Jonger kinders kan 'n hoër gespreksvaardigheidvlak toon as gevolg van hul blootstelling aan hierdie verskillende taalvlakke. (Enige 1 × 2)

Kopiereg voorbehou

3.2.4
- Kinders van meerlinggeboortes het dikwels drierigtinggesprekke waartydens hulle probeer om met hul sibbe of sibbes en met hul ouers of versorgers te kommunikeer.
- As gevolg van die noue verwantskap wat hulle met hul sibbes het, leer en verstaan hulle hul eie woordgebruik.
- Hulle is minder gemotiveerd om met ander kinders te praat en deur hulle verstaan te word. Die gevolg is dat hul taal-verwerwing stadiger kan wees. (Enige 1 × 2)

3.2.5
- Groot gesinne moet hul hulpbronne en gesinsinteraksietyd tussen meer kinders verdeel. Dit kan die hoeveelheid en gehalte van die interaksie beperk wat stadige taalverwerwing tot gevolg kan hê.
- Kinders in kleiner gesinne of kinders wat enkelkinders is, kan baie aandag van hul ouers ontvang en dit kan veroorsaak dat hul taalvaardighede vroeër ontwikkel. (Enige 1 × 2)

(Enige 5 × 2) (10)

3.3
- Geslag
- Persoonlikheid of temperament
- Sielkundige toestand
- Intelligensie
- Motivering (5)

3.4 3.4.1 Is die vermoë om twee of meer tale met gemak te gebruik. (2)

3.4.2 Is 'n kind se weiering om met enigiemand te praat behalwe 'n klein getal mense wat na aan hom/haar is. (2)

3.5 3.5.1 Aanhoudende hakkel (1)

3.5.2
- Die kind herhaal lettergrepe vier of meer kere, bv. 'k-k-k-k-kat'.
- Terwyl die kind hakkel, neem die toonhoogte van die kind se stem toe.
- Dit kom voor asof die kind se gesigspiere saamtrek.
- Die kind knip sy/haar oë gedurig en kyk kant toe terwyl hy/sy hakkel.
- Kom regdeur die dag voor.
- Die kind toon groot inspanning en spanning wanneer hy/sy probeer praat.
- Die kind vermy dit om te moet praat. (Enige 4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

3.5.3
- Stresvolle lewensgebeurtenisse of spanning.
- Die aankoms of geboorte van 'n nuwe baba.
- Die dood van 'n gesinslid.
- Egskeiding of skeiding.
- Verskuiwing na 'n nuwe skool of huis.
- Voortgesette slegte gesondheid van 'n gesinslid.
- Onredelike hoë verwagtinge van ouers.
- Afknouery.
- Slaapontneming.
- Oorerflikheid.
- Neurologiese faktore.
- Ontwikkelingsfaktore
- Huisomgewing.
- Verbygaande fase. (Enige 5 × 1) (5)

3.5.4
- Skep 'n veilige, konstruktiewe en ontspanne huisomgewing vir die kind wat vlotheid bevorder.
- Moenie kinders vergelyk nie, moenie die kind onderbreek as hy/sy praat nie en moenie die kind terg nie.
- Deurlopende interaksie met die kind om sy/haar woordeskat uit te brei.
- Maak seker dat jou verwagtinge van jou kind realisties is.
- Moenie wys dat jou kind se hakkel jou ontstel nie.
- Moenie beoordelend wees nie. Moenie jou kind se spraak kritiseer of korrigeer nie.
- Hou jou kind gesond. Sien toe dat die kind genoeg slaap en behoorlike voeding kry.
- Help jou kind om onafhanklik te raak en verantwoordelikheid vir sekere goed te aanvaar.
- Positiewe versterking is noodsaaklik – prys jou kind aan wanneer hy/sy mooi praat.
- Bou jou kind se selfvertroue deur aandag te skenk aan die aktiwiteite of vaardighede waarin jou kind goed vaar.
- Beoefen 'n egalige en sagte spraakpatroon wanneer jy met jou kind praat. Wees geduldig en gee die kind kans om te antwoord.
- Gebruik die gesin se maaltydtye as geselstyd. Vermy afleidings soos die radio en TV. Moenie die onderwerp van hakkel taboe maak in die huishouding nie.
- Luister aandagtig wanneer jou kind praat. Deur aan jou kind aandag te skenk sal hy/sy meer ontspanne voel en selfvertroue kry.
- Doen navorsing om die jongste inligting oor die onderwerp te kry.
- Vergroot verdraagsaamheid. Deur oefening en dissipline sal jy in staat wees om te fokus op dit wat jou kind sê en nie op die manier waarop hy/sy dit sê nie.
- Kry professionele hulp. Maak 'n afspraak met 'n spraakterapeut.

(Enige toepaslike 5 × 1) (5)

3.6 Reseptiewe taalbegrip

- Taalbegrip: dit verwys na 'n kind se vermoë om die taal wat hy/sy hoor of lees, te verstaan en te begryp.

OF

- Taalbegrip: dit verwys na die kind se begrip van die gesproke of geskrewe woord. (Enige 1 × 2)

Ekspressiewe taalbegrip

- Taalbegrip: dit beteken om in staat te wees om gedagtes in woorde en sinne uit te druk op 'n manier wat sin maak en grammatikaal korrek is.

OF

- Taalbegrip: dit verwys na wat die kind sê en later skry, naamlik gesproke taal. (Enige 1 × 2)

(Enige 2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 4

4.1

- 'n Diepe verbintenis tot doelwitte.
- Leierskap deur voorbeeldstelling sodat ander gemotiveerd is om te volg.
- 'n Groter bydrae as ander lede in hul poging om die behoeftes van die groep te bevredig.
- Beheersing van sosiale vaardighede en verwantskappe.
- Die vermoë om lede van die groep positief te laat voel oor hulself.
- Oorredingsvaardighede.
- 'n Ekstroverte geaardheid. (Enige toepaslike 6 × 2) (12)

4.2. 4.2.1 Die brein en die liggaam se reaksie op enige vorm van eis, bedreiging of druk wat geskep word wanneer ons op spesifieke gebeure reageer.
OF
Die fisieke (van die liggaam) en psigologiese (van die gees) reaksies wat mense toon as respons op omgewingsgebeurtenisse wat stressors genoem word. (Enige 1 × 2)

4.2.2 Verwys na ongeregverdigde, inkorrekte, ongegronde en gewoonlik negatiewe houdings teenoor 'n individu of groep uitsluitlik gegrond op lidmaatskap van daardie sosiale groep.
OF
'n Negatiewe houding wat gevorm word sonder behoorlike beredenering en gewoonlik oor mense as gevolg van hul lidmaatskap van 'n groep (ras, seksueel, geslag, kultuur-godsdienstig). (Enige 1 × 2)

(Enige 2 × 2) (4)

4.3

- Rassisme: Die oortuiging dat 'n sekere ras meerderwaardig of minderwaardig as 'n ander is.

OF

- Rassisme: 'n Wydverspreide ideologie, oortuiging, idee en praktyk van mense op grond van fisieke kenmerke (velkleur).

- Homofobie: Die toon van negatiewe houdings en gevoelens oor homoseksualiteit. Daar word gediskrimineer teen mense wat identifiseer as of beskou word as lesbies, gay, biseksueel en transgender.

OF

- Homofobie: Die vrees of haat vir homoseksuele mense.

- Xenofobie: 'n Vrees vir en wantroue van dit wat vreemd en ongewoon is, veral mense van verskillende lande en kulture.

OF

- Xenofobie: 'n Irrasionele haat of vrees vir vreemdelinge, buitelanders en buitegroepe.

- Etnosentrisme: Wanneer jy ander kulture of etniese groepe beskou en beoordeel met die standaarde en waardes van jou eie kultuur.

OF

- Etnosentrisme: Die verskynsel dat jy jou eie groep as meerderwaardig beskou.✓✓

- Sondebokmakery ('Scapegoating'): Die proses om 'n persoon of 'n groep te blameer wanneer dinge verkeerd loop ongeag of hulle daarvoor verantwoordelik was.

OF

- Sondebokmakery ('Scapegoating'): Die proses om 'n ander groep te blameer wanneer dinge verkeerd loop. Dit word beskou as die gevolg van vooroordeel en stereotipering. (Enige toepaslike 5 × 2) (10)

4.4 4.4.1

- Misdaad kan blywende fisieke, geestelike en emosionele skade veroorsaak ongeag of die kind 'n slagoffer of getuie daarvan is.
- Kinders kan aan aanhanklikheidsprobleme ly.
- Kinders kan ook regressiewe gedrag, angs en depressie ervaar.
- Kan ook aggressie en gedragsprobleme ervaar.
- Kinders kan ook gesondheidsprobleme ondervind.
- Hulle kan 'n agteruitgang op akademiese gebied ondervind en ook kognitiewe probleme ervaar.
- Kinders se gedrag kan ook misdadig word.
- Hulle kan ook neig om gewelddadig teenoor hulself op te tree.

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)

4.4.2
- Wydverspreide armoede.
- Hoë werkloosheid.
- 'n Swak kultuur van wetstoepassing.
- Snelle verstedeliking.
- Onvoldoende behuising.
- Slegte onderwys. (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

4.5 4.5.1
- Dood van 'n lewensmaat of eggenoot.
- Egskeiding.
- Onbeplande swangerskap by adolessente.
- Ouers wat apart woon (skeiding).
- Enkeloueraannemings. (Enige 3 × 1) (3)

4.5.2
- Probleme met besoek- en toesigreg in die geval van 'n egskeiding.
- Die gevolge van voortgesette konflik tussen ouers.
- Minder geleenthede vir ouers en kinders om tyd saam te spandeer.
- Die gevolge van ouers wat nie meer saam is nie, bv. akademiese prestasie wat daaronder ly en sosialisering wat negatief daardeur geraak word.
- Ontwrigting van uitgebreide familieverwantskappe.
- Probleme wat ontstaan wanneer ouers nuwe mense ontmoet en nuwe verhoudings aanknoop.
- Oorlading met verantwoordelikhede: werk, huishouding, gesin, emosioneel. (Enige toepaslike 3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou